*Saterdag* **22 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 66:16-20 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Psalm 66:16-20**

### Geen verdere *Sela* nie

Ons het nou by twee geleenthede stilgestaan by die musiekterm *Sela*. *Sela* beteken dat die orkes vir ’n oomblik moet ophou speel. Die koor moet ook vir daardie oomblik stilbly voordat die volgende vers gesing word. *Sela* dwing ’n mens om mooi te dink oor wat so pas gesing is.

In die eerste sewe verse van Psalm 66 is daar twee *Selas* – na vers 4 en na vers 7. Vers 15 eindig met ’n derde *Sela*. Daar is geen vierde *Sela* in Psalm 66 nie. Tog eindig die Psalm op ’n hoogtepunt. ’n Hoogtepunt waaroor daar ook diep en rustig nagedink behoort te word.

In die loflied wat handel oor God se verlossingswerk kom daar ’n punt waar gelowiges mekaar bemoedig en versterk (vgl. Kol. 3:16). Ons hoor die oproep in vers 16: *Kom luister!* Maak oop jou ore en hoor! Wat moet ons hoor? *“Laat my vertel, vir julle almal wat God vrees, wat Hy aan my siel gedoen het.”*

Dit is ’n groot ding wat hier gebeur. Dit gaan nie maar net oor ’n menslike getuienis oor wat iemand beleef het nie. Hier word vertel van God se groot werke in die lewe van sy kinders. Daarvoor moet ons ons ore en oë oopmaak. Daaroor moet ons met mekaar praat. Kyk wat doen God! Kyk wat bring Hy tot stand in die lewe van sy kinders, ook as Hy hulle tugtig en louter.

In ons daaglikse gesprekke kan ons so maklik vasval in alles wat skeefloop. Psalm 66 dwing ons om verder te kyk as die nood en swaarkry wat ons met ons oë sien. Ons word opgeroep om mekaar te bemoedig in die Here. Merk op hoe God gebede verhoor, redding skenk, heling bewerk. Nee, Hy luister nie as ons halfhartig of skynheilig tot Hom roep nie (vs 18). Maar as ons oproep in Christus tot Hom roep, hoor en verhoor Hy. Daaroor moet ons met mekaar praat. Oor die manier hoe God gebede verhoor. Dan maak ons Hom groot – met woord en daad.

*“Geloofd sy God wat my gebed nie afgewys en sy goedertierenheid aan my nie onttrek het nie!”* ’n Vierde *Sela* is nie nodig nie. Aan God kom die eer toe.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Dr. GJ (Gerard)Meijer (Oos-Moot)*